Gebedsversoeke

1. Die Instituut vir Blindes:
1.1 Vir gesiggestremde volwassenes
1.2 Versorgers
1.3 Naasbestaandes
1.4 Opleiding
1.5 Werkgeleenthede
1.6 Lewensvreugde
2. Goeie ondersteuning van Vrydag se KARAOKE en dat almal dit baie sal geniet.
3. Al die versorgers in ons gemeente.
4. Almal wat sorg en aandag benodig.

Uit die Kerkraad:

1. Almal wat die blokbyeenkoms van Alfa- en Proteablok bygewoon het. So leer ons mekaar ken. Dankie vir die ligte aandete wat verskaf is. Dit word waardeer.
2. Ds. Peet Crous wat inheemse bome geskenk het vir Hoërskool Bredasdorp en so sy liefde vir die natuur gestalte gee.
3. Die Hoenderbraaispan wat so getrou werk vir ons uitreik in Kenia.
4. Die voorreg om te kan sien. Om kleur en vorm en beweging te kan waarneem en te kan waardeer.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

18 Oktober 2026
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Instituut vir Blindes

Vooruitsig op die week

Maandag:
Dinsdag:
Woensdag:
Donderdag:
Vrydag: 07h30 Mannebybelstudie
18h00 Karaoke
Saterdag:



Raad vir ekologies sinvol leef. Die drie B's is bewonder, bewaar en bevorder. Ons kan ons inheemse skat bewaar deur nie alle inheemse plante in ons tuine te verwyder wanneer ons bou nie. Ons woon nou 'n jaar op L'Agulhas en die inheemse plante wat na die bouery teruggekeer het, verstom ons. Dis 'n manier om inheemsheid te bewaar.

Stranddiensspan

Sluit aan by die stranddiensspan se whatsapp ondersteunersgroep. Neem net 'n foto van die QR kode met jou selfoon.



Verjaardae

Sydney	Carstens	10/19
Helené	Engelbrecht	10/19
Anet	Schriven	10/19
Chrisjan	Herfurth	10/20
Willie	vd Bergh	10/20
Tessa	vd Spuy	10/20
Ann	Johl	10/21
Riaan	Roeloffze	10/21
Kobus	Kemp	10/22
Mara	Schoombee	10/22
Flori	Storm	10/22
Gert	vd Westhuizen	10/22
Kempen	van Wyk	10/22
Joleta	Kruger	10/23
Isabel	Uys	10/24

Instituut vir Blindes

Die Instituut vir Blindes (tans bekend as Innovation for the Blind) is in 1881 in samewerkimg met die NG Kerk gevestig. Dit is in Worcester. Hulle wil visueelgestremde volwassenes en bejaardes bemagtig deur opleiding, vaardigheidsontwikkeling, versorging en ondersteuning om onafhanklikheid en 'n beter lewenskwaliteit te verseker.

BLIKKIES -

Onthou asseblief om julle blikkies (kos, koeldrank, bier, ens.) te hou en by die kerk af te gee vir Annamarie Judd.

KARAOKE - Jy betaal R50 toegangsgeld om die koste van die KARAOKESPAN uit Napier te dek. Verder bring jy jou eie verversings. Ons vra die hele gemeente om hulle koffietafeltjies te bring. Sit in 'n halfmaan om 'n tafeltjie of groep tafeltjies. Preekstoelpodium is verhoog. Mikrofone, ligte, karaokeskerm met woorde van die lied wat jy wil sing op tv-skerm. Net musiek. Jy sing saam met wie jy kies of alleen. Die gehoor sing ook meestal sommer saam. Stuur vir Joanie by 0725193170 die lied se naam, dalk kunstenaar ook, moet strek van 1960s tot 1980s musiek. Jy kan "opdress" as jy wil. Dit is absoluut fantasties! Jy mag dit nie misloop nie! Liedjies kan ook op die aand vir die karaokespan versoek word. Dis net makliker as hulle vooraf weet.
DATUM: 23 Oktober PLEK: Struisbaaikerk
TYD: 18H00 TOT 22H00 KOSTE : R50
KAARTJIES TE KOOP by die Kerkkantoor. 0284356789. (Dinsdag tot Donderdag van 08h00 - 12h00)
Eft is ook moontlik. NG KERK SUIDPUNT
ABSA
Reknr: 1780 147 276.
Tjekrekening
GEE AS VERWYSING Hoeveel kaartjies jy koop, Karaoke en jou naam en van - bv. 2x Karaoke Koos Kaartjies

SUIDPUNTKOOR

Ons is trots op Marthi!
Marthi Harmse het Saterdag 17 Oktober in Potchefstroom vir Boland Atletiek verteenwoordig by die ASA 10Km Kampioenskappe. Wat 'n prestasie! Baie geluk, Marthi.

Kontakbesonderhede

Kerkkantoor
Erna Schuite
0284356789 suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
0820558921
andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
0608844756
Facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Webblad: suidpuntngkerk.co.za
Bankbesonderhede:
NGK Suidpunt
ABSA
Rek nr: 1780147276
Tipe: Tjek
Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer

Kollektes/dankoffers

Daar sal 'n Yoco masjien in albei kerkgeboue wees. Lidmate wat hul bankkollekte en/of maandelikse dankoffer op hierdie manier wil betaal, kan na afloop van die diens hiervan gebruik maak. Daar was navraag oor die beskikbaarstelling van debietorders vir die maandelikse dankoffers. Baie min mense het aangedui dat hulle hiervan gebruik wil maak. Dit gaan ook gepaard met adminkoste.
Ons glo dat die beskikbaarstelling van die Yoco masjiene dit baie geriefliker vir lidmate sal maak.